SANG EN SPELE

AKTIWITEIT 01: GROEPDINAMIESE PROSES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te betrek in die groedinamiese proses.

STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers onderlinge begrip vir mekaar ontwikkel
b) Dat die kursusgangers 'n duidelike beeld van die kursusdoelwitte verkry.
c) Dat die kursusganger die rol van sang en spel in die groepdinamiese proses beleef.
d) Dat die kursusganger die funksionering van die groepdinamiese proses beleef.

AKTIWITEIT 02: POTENSIAAL VAN SANG EN SPEL

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van die potensiaal van sang en spel en hom te motiveer om homself te bekwaam om sang/spel effektief in voortrekkerwerk te gebruik.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger bereid sal word om deel te neem aan alle praktiese sessies om die potensiaal van sang en spel te ontgin.
b) Dat die kursusganger tipes spele en liedere vir bepaalde situasies kan uitwys.
c) Dat die kursusganger bou aan groepgees waarin kritiek en regstelling aanvaarbaar is en nuwe idees genereer word.
d) Dat die kursusganger besef hoe die doelstellings van die beweging deur sang en spel as oordragmetode bevorder word.
e) Dat die kursusganger sy vordering tydens die kursus en sy toekomsvisie vir toepassing in Voortrekkerverband formuleer.
f) Dat die kursusganger besef dat sang en spel geleenthed bied tot ontspanning en emosionele ontlading.

AKTIWITEIT 03: DIE JEUG SE MUSIEKWêRELD / SPEELWêRELD

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van die jeug se klankblootstelling, musiekbehoeftes en ervaring van spel. Sodat riglyne gegee kan word en hoe om die jeug bloot te stel aan kwaliteitmusiek en ontspanne spel.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger beleef wat die jeug se musiek en musiekbehoeftes is.
b) Dat die kursusganger blootgestel word aan jeugmusiek.
c) Dat die kursusganger verskillende snitte musiek beluister en evalueer (kwaliteit).
d) Dat die kursusganger spelbehoeftes op 6 - 8 jaar, 9 - 12 jaar, 13 - 17 jaar en volwasse jare nagaan.
e) Dat die verskil in spelbehoeftes tussen seuns en dogters ondersoek word.

AKTIWITEIT 04: PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger met sang en spel vaardig te laat optree in 'n situasie waar persoonlikhede verskil.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger spele en sang gebruik om tipes persoonlikhede te identifiseer.
b) Dat die kursusganger spele en sang gebruik om vir verskillende persoonlikhede ruimte te maak binne groepsverband.

AKTIWITEIT 05: BETROKKENHEID VAN OFFISIERE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te oortuig van die belangrikheid van heelhartige deelname aan sang en spel.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger blootgestel word aan 'n volledige spelesessie.
b) Dat die kursusganger selfgemaakte klank ervaar, hetsy vokaal of instrumentaal.

AKTIWITEIT 06: VOLKSEIE SANG EN SPEL

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van en waardering te kweek vir bepaalde liedere en spele.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger die Bybel en gewyde sang bymekaar bring.
b) Dat die kursusganger se kennis van volkseie liedjies ontwikkel word.
c) Dat die kursusganger Voortrekkerliedere koppel aan onderwerpe (rubriekindeling).
d) Dat die kursusganger deelneem aan volkseie spele en besef watter plek dit in vandag se ontspanning verteenwoordig.

AKTIWITEIT 07: TEIKENGROEP

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van verskillende soorte spele/liedere en hom vaardig maak in die keuse van 'n soort lied of spel vir 'n bepaalde teikengroep of geleentheid.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger spele/liedere kan groepeer volgens soort (ysbreker, spanspel, kompetisiespel, dinkspel, afwisselingspel of staplied, slaaplied, ens.)
b) Dat die kursusganger spele/liedere kan groepeer vir teikengroepe of geleenthede.

AKTIWITEIT 08: LEIERSKAP

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bekend te stel met die eienskappe van 'n goeie sang- en spelleier en hom bewus maak hoe sang en spel informeel leierskap ontwikkel.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger die eienskappe van 'n goeie sang- en spelleier kan uitken.
b) Dat die verskil tussen formele en informele leierskap bespreek word, met spesiale verwysing na die rol van spelleier in die ontwikkeling van informele leierskap.
c) Dat die kursusganger deur middel van spel die positiewe en negatiewe aspekte van spelleiding ervaar.

AKTIWITEIT 09: PROGRAMSAMESTELLING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vaardig te maak met die opstel van programme waar sang en spel gedeeltelik of grootliks gebruik word.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger programme sal opstel vir beide spele- en sangaande.
b) Dat die kursusganger ondervinding opdoen in die invleg van sang en spel in programme van verskillende aard.

AKTIWITEIT 10: SANG / SPELE GELEENTHEID

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger kennis te laat opdoen oor die organisasie van 'n sang- en/of spelegeleentheid.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die oorhoofse organisasie van sang en/of spelegeleenthede bedink en orden.
b) Dat die kursusganger standaard riglyne en 'n organisasieprogram opstel en slaggate bespreek.

AKTIWITEIT 11: TOEPASSINGS OP VOORTREKKERWERK

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger kennis te laat opdoen van sang en spel as metodiek in Voortrekkerwerk.

STANDAARDE

a) Dat metodes hoe sang en spel by die verduideliking en vaslegging van Voortrekkerwerk gebruik word bespreek word.

AKTIWITEIT 12: SANG EN BEWEGING

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger se vaardighede in sang en beweging te ontwikkel.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger basiese volkspele kan speel en aanbied.
b) Dat die kursusganger die positiewe en negatiewe elemente van dans begryp.

AKTIWITEIT 13: AANLEERMETODES

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger op te lei ten einde nuwe liedere en spele aan te leer.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger effektiewe metodes ontwikkel om nuwe liedere en spele aan te leer.
b) Dat die kursusganger bekend gestel word met toepaslike hulpmiddels.

AKTIWITEIT 14: INOEFENING

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger te konfronteer met die situasie waar van sang of spel gebruik gemaak moet word vir probleemoplossing.

STANDAARDE

a) Dat 'n paar gevallestudies aan die kursusgroep gestel word waar kennis en vaardigheid van sang en spel toegepas word om oplossings in goeie gesindheid vir die situasies te vind.

AKTIWITEIT 15: KLANKTOERUSTING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger kennis te laat opdoen van klanktoerusting.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger besef dat goeie klanktoerusting belangrik is vir Voortrekker geleenthede.
b) Dat die kursusganger die samestelling van klanktoerusting vir bepaalde geleenthede begryp.

AKTIWITEIT 16: EVALUERING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om die kursus te evalueer.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger sy eie ontwikkeling gedurende die kursus op 'n punteskaal aandui.
b) Dat die kursusganger aandui tot watter mate die inhoud van die kursus aan sy verwagting voldoen het.
c) Dat die kursusganger aandui tot watter mate die aanbieding geslaag het.
d) Dat die kursus op gepaste wyse afgesluit word.